**7 Maart**
**Skrifgedeelte: Genesis 15:1-21 (OAV )**
**Fokusgedeelte: Genesis 15:6,7**

## Geloof en die verbond gaan hand aan hand

Die vorige hoofstukke (Gen 12-14) vertel van Abram se roeping, sy trek vanaf Haran na Kanaän, sy wedervaringe in Egipte na die hongersnood in Kanaän, sy afskeid van Lot, wat saam met hom was, en die bevryding van Lot uit die hand van Kedar-Laomer.
Die inleidingsvers van Genesis 15:1 verwys na hierdie geskiedenis met dié woorde: “Hierna het die woord van die HERE tot Abram gekom …” Daar vind 'n gesprek tussen die HERE en Abram plaas. Die HERE gaan verder en lei hom na buite met die opdrag (vers 5): “’Kyk op na die hemel en tel die sterre as jy kan. … So baie sal jou nageslag wees.’” Dan volg die woorde van vers 6: “Abram het toe in die HERE geglo.” Wat gebeur as hy na die sterre kyk? Hy sien die onsienlike deur die geloof (vergelyk Heb 11:1 en verder). Hy besef God is die Skepper van alles en die sterre wat hy sien, is die bewys daarvan. Soos God die sterre geskep het, so talryk kan die almagtige God sy nageslag laat word. God sluit hierna 'n verbond met hom. Die verbond is die begin van 'n ewige verbond waarby elke gelowige met sy doop ingelyf word. Abram het nie sy nageslag in hulle menigtes gesien nie, maar hy het in God geglo asof hy hulle reeds gesien en ontvang het.
So seker soos God sy verbond met Abram gehandhaaf het, so bly Hy altyd getrou aan sy Woord en sy verbond. Gevolglik kan ons as gelowiges en as sy kinders elke dag met volle vertroue in Hom leef.
*Sing: Psalm 105:5 Ds DF Coetzee (Virginia)*